

HOOFSTUK 1: NAVORSINGSRASONAAL EN OORSIG VAN STUDIE

1.1. INLEIDING

Mense word daaglik gekonfronteer met die realiteit van die dood. Die dood van 'n geliefde bring die individu in kontak met die ervaring van intense pyn en verlies. Vir die laerskoolkind is die verlies wat hy ervaar na die dood van 'n geliefde, hetsy 'n ouer, 'n broer of suster, 'n grootouer, 'n maat of selfs 'n troeteldier, geweldig intens. Vir die doel van hierdie studie sal die navorser hoofsaaklik fokus op die kind wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde persoon wat 'n belangrike rol in sy lewe gespeel het. Die uitgangspunt van hierdie navorsing is dat die wyse waarop 'n kind begelei word om deur die trauma van dood te werk, deurslaggewend kan wees vir die kind se gesonde verwerking van die verlies. Ter wille van onnodige omslagtigheid sal daar in hierdie navorsing na die kind in die manlike vorm verwys word.

In die Suid-Afrikaanse samelewing word kinders toenemend met die dood van 'n geliefde gekonfronteer. Inligting uit die navorsingsuitslae van die jongste AMPS (alle-media-produkstude) van die Suid-Afrikaanse Stigting vir Reklamenavorsing (Beeld, 22 Maart 2004), dui daarop dat meer Suid-Afrikaners (30 % teenoor 11%) 'n begrafnis bywoon as wat hulle 'n huweliksbevestiging of selfs die inkopiesentrum besoek. Daar word berig dat seshonderd mense daaglik in Suid-Afrika aan Vigs- verwante siektes sterf. Hoë misdadaisyfers wat lei tot die ontydige dood van honderde mense in Suid-Afrika bevestig dat die dood 'n realiteit is waarmee baie kinders op 'n vroeë ouderdom gekonfronteer word.

Die dood konfronteer die kind ook met sy eie sterflikheid, wat groot angs kan veroorsaak. Van Niekerk (2002:51) verwys daarna dat mense in die moderne samelewing dikwels nie in kontak is met hulle eie gevoelens rondom die dood nie. Dit kan daartoe lei dat pyn en verlies wat die kind ervaar na die afsterwe van 'n ouer, vinnig en oppervlakkig hanteer word sonder om deur die intense emosies en vrae te werk wat teenwoordig is in die gemoed van die kind wat worstel met sy verlies. Die navorser is van mening dat selfs terapeute wat kinders deur die pyn van verlies begelei, dikwels nie in kontak is met hulle eie gevoelens oor die dood nie, en gevolglik dan nie in staat is om 'n kind effektief te begelei nie.

Gesien in die lig van die feit dat 73.5% van alle Suid-Afrikaners (Johnston, 2001:577) beweer dat hulle die Christelike geloof aanhang, is dit belangrik om in ag te neem dat 'n kind vanuit 'n Christelike agtergrond wat verlies van die dood ervaar, heel waarskynlik geestelike vrae sal vra. Die indringendheid van die geestelike vrae sal afhang van die kind se vlak van geestelike ontwikkeling en hoe 'n groot rol die spirituele in die kind se leefwêreld inneem. Die navorser het in die praktyk ervaar dat selfs mense wat nie baie gelowig is nie, in tye van lyding vra na God en sy doel met hulle pyn en smart. Schoeman (2001:128) dui ook aan dat daar 'n bepaalde godsdiensgerigtheid in die rouproses na vore kom. Dit is volgens die navorser van belang dat daar binne Gestaltspelterapie riglyne vanuit 'n pastorale perspektief daargestel sal word wat terapeute kan help om 'n kind te begelei deur sy geestelike worsteling. Dit is nodig dat terapeute toegerus word om die kind te help om vrae oor die dood deur selfontdekking te beantwoord.

Daar bestaan Christelike literatuur (vgl. Lutzer, 2002 en Van Niekerk, 2002) waaruit inligting bekom kan word om 'n kind se vrae oor die dood, pyn en smart te help beantwoord. Die Bybel sal egter as die primêre verwysingsbron hanteer word wanneer geestelike sake ondersoek word. Die hantering van die pastoraat met 'n Gestalt-aanslag is in resente literatuur te vind (vgl. Hamilton, 1997 & Knights, 2002). Hierdie literatuur verwys egter net na volwassenes en nie noodwendig na die ervaring van verlies nie. Die riglyne moet nou van toepassing gemaak word op die kind wat verlies ervaar, met inagneming van die kind se emosionele, kognitiewe, fisieke, sosiale en geestelike ontwikkelingsvlak.

1.2. MOTIVERING VIR KEUSE VAN ONDERWERP

Die keuse van die onderwerp word gemotiveer vanuit die opvatting dat kinders wat verlies ervaar, 'n geestelike behoefte het in die rouproses. Van Niekerk (2002:51) wys daarop dat die Westerse samelewing nie toegerus is om verlies te verwerk nie. Hy verwys na die Westerse treurmodel wat aan die hand van 'n bepaalde gevallestudie deur James en Cherry beskryf word. Die gevolgtrekking waartoe die navorsers gekom het, was dat die Westerse samelewing 'n onvermoë openbaar om verlies van die dood te verwerk. Emosies en gevoelens rondom die dood word ontken en gevolglik nooit hanteer nie. In teenstelling met die Westerse treurmodel stel Van Niekerk (2002:56) die Bybelse treurmodel voor waar persone vanuit 'n

Christelik-Westerse agtergrond uit die Bybel riglyne vind om deur die rouproses te werk. Lawrentz en Green (2001:15) sluit aan by die Bybelse model van Van Niekerk wanneer hulle verwys na die belangrikheid van 'n holistiese benadering tot die verwerking van verlies. Hierdie holistiese benadering behels nie slegs die hantering van emosies, gedagtes of denke rondom die dood nie, maar van die totale persoon in al sy dimensies. Die navorser is van oortuiging dat terapeute wat met kinders werk die kennis en vaardighede het om die emosies van die kind wat verlies ervaar, te kan hanteer, maar dat terapeute dikwels onseker is oor hoe geestelike kwessies of vrae wat 'n kind mag hê rondom die dood, hanteer behoort te word. Terapeute het uiteraard nie teologiese opleiding nie en voel daarom onbevoeg om die geestelike terrein binne terapie te betree. Die navorser huldig die siening dat dit noodsaaklik is om 'n kind na die afsterwe van 'n geliefde deur die geestelike vrae en pyn te lei, sodat die kind weer 'n ewilibrum kan bereik. Dit is nodig dat terapeute wel riglyne sal bekom oor hoe hulle 'n kind holisties deur die verlies van dood kan begelei deurdat hulle ook die geestelike dimensie aanspreek.

Dit is so dat Knights (2002:2) saamstem dat 'n holistiese benadering, wat die geestelike insluit, nodig is vir genesing om plaas te vind. Hy verwys na die Gestaltbenadering van Perls (in Knights 2002:2) wat juis dui op die heelheid van die mens asook die totale lewenservaring van die mens. Gesien vanuit Gestalt se holistiese benadering is dit van belang dat die kind se geestelike behoeftes saam met sy emosionele, kognitiewe, fisieke en sosiale behoeftes aangespreek word. Dit bring mee dat hierdie studie 'n bepaalde bydrae kan maak ten opsigte van dienslewering.

1.2.1. Dienslewering

Geestelike vrae en kwellinge van 'n kind wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, word dikwels geïgnoreer of van minder belang geag (Van Niekerk, 2002:54). Die navorser is van mening dat geestelike aspekte ook nie met die nodige omsigtigheid en diepte hanteer word binne die terapeutiese proses nie, aangesien dit moontlik by die terapeut ongemak veroorsaak om rondom hierdie geestelike aspekte te werk. Vir die kind om as holistiese wese op alle ontwikkelingsterreine weer in balans te kom na die dood van 'n geliefde, is dit nodig dat terapeute bemaagtig word om die geestelike dimensie in terapie aan te spreek. Hierdie studie kan diensbaar wees in die

daarstelling van Gestaltspelterapeutiese riglyne vanuit 'n pastorale perspektief vir die terapeut wat die kind wat verlies ervaar, terapeuties moet begelei. Volgens die hoë statistieke van Christene in Suid-Afrika (Johnston, 2001:577) kan die afleiding gemaak word dat terapeute dikwels met kinders vanuit 'n Christelike agtergrond in terapie te doen kry.

Volgens Steyn (in Gous, 2003:5) is daar dikwels by terapeute die beskouing dat geestelike kwessies nie in die terapisessie hoort nie. Die geestelike dimensie van die kind kan egter nie misken word binne terapie nie, aangesien dit 'n wesentliche deel van sy menswees uitmaak. Die navorser is van mening dat Landman (Beeld, 16 Julie 2004) die waarde wat die geestelike dimensie in terapie kan hê, ondersteun wanneer sy verwys na talle navorsingsresultate in die VSA wat toon dat daar 'n positiewe uitwerking is wanneer die geestelike aspek in sielkundige berading ingebring word. Wanneer daar boonop van die dood gepraat word, voer Schoeman (2001:128) aan, neig die gesprek dikwels spontaan na geestelike kwessies. Daar moet egter altyd in gedagte gehou word dat die geestelike dimensie slegs aangeraak behoort te word wanneer die kind daarna vra. Dit moet geensins geforseer of gemanipuleer word nie. "Ontmoet die kind waar hy is", is 'n grondbeginsel van Gestaltspelterapie. Dit wat "nou" vir die kind belangrik is, moet hanteer word (Schoeman, 1996:34).

Die navorser is as gevolg van die belangrikheid van dit wat in die teenswoordige tyd in terapie plaasvind, van oortuiging dat wanneer 'n kind 'n geestelike behoefte het, dit die terapeut se verantwoordelikheid is om die kind se behoefte aan te spreek. Hierdie studie sal ten doel hê om speltherapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief neer te lê, wat algemene geestelike vraagstukke rondom die dood binne die konteks van Gestaltspelterapie aanspreek. Hierdie riglyne sal van groot waarde wees vir terapeute wat met 'n kind met 'n Christelike agtergrond werk en wat verlies ervaar.

1.2.2. Lewensfase van teikengroep

Hierdie studie sal gerig wees op die laerskoolkind, ook bekend as die kind in sy middelkinderjare. Dit beteken dat dit die kind tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar oud is. Die motivering om die studie oor die kind in hierdie bepaalde

ontwikkelingsfase te onderneem, het daaruit ontstaan dat die kind in hierdie ontwikkelingsfase reeds geestelike vrae vra wat dikwels abstrakte en moeilik definieerbare antwoorde vir die spesifieke ontwikkelingsvlak vereis (Lawrentz & Green, 2001:96). Dit stel die uitdaging aan die navorser om geestelike kwessies deur spelterapeutiese tegnieke aan die kind duidelik te maak met inagneming van die kind se begrips- en ervaringsvlak.

Daar sal 'n deeglike literatuurstudie van die kind in hierdie ontwikkelingsfase gemaak word. Die kind se emosionele, kognitiewe, fisieke, sosiale en geestelike ontwikkeling sal noukeurig in ag geneem moet word, aangesien dit die toepassing van die riglyne met 'n pastorale perspektief binne die Gestaltspelterapie met die kind wat verlies van die dood ervaar, grootliks sal beïnvloed. As daar net na die kind in hierdie ontwikkelingsfase se kognitiewe ontwikkelingsvlak gekyk word, is dit opmerklik dat die laerskoolkind nog baie konkreet dink. Eers teen die einde van die ontwikkelingsvlak, teen die ouderdom van twaalf jaar, begin die kind om abstrak te dink en te redeneer (Trent, 2003:337). Hierdie denkproses wat nog baie konkreet is, het 'n bepalende invloed oor hoe die laerskoolkind die dood van 'n geliefde sal verwerk. Dit sal egter nog meer bepalend wees van hoe die kind se geestelike behoefte binne die terapeutiese proses aangespreek behoort te word, aangesien die dood en die verstaan daarvan op sigself 'n baie abstrakte konsep is en verwarring by kinders veroorsaak (Lawrentz & Green, 2002:96).

Die laerskoolkind kan dit moeilik vind om die dood van 'n geliefde te verwerk, juis omdat sy begrip van die dood beperk is. Du Toit en Du Toit (2002: 141) voer aan dat die wyse waarop kinders treur, verskil volgens hulle ontwikkelingsvlak en hulle begrip van dood en verlies. Om hierdie rede is die navorser van oortuiging dat riglyne met 'n pastorale perspektief nodig is vir terapeute wat laerskoolkinders wat verlies ervaar begelei. Dit is nodig om metodes te vind om abstrakte konsepte meer konkreet en verstaanbaar vir die laerskoolkind te maak.

1.2.3. Emosies, behoeftes en gedrag wat 'n rol speel

Die emosies wat ervaar word by 'n kind wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, is geweldig intens en omvattend. Die kind se emosies is ook dikwels tot God gerig, daarom die motivering om hierdie studie spesifiek vanuit 'n pastorale perspektief te

ondernem (Lawrentz & Green, 2001:97). Die emosies word nie noodwendig altyd eksplisiet getoon nie, aangesien elke persoon rou op verskillende maniere beleef en verwerk. Die feit is dat daar geweldige pyn en verlies ervaar word by 'n kind wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Die stadia van die rouproses soos deur Kübler-Ross (in Du Toit & Du Toit, 2002:140) uiteengesit word, kan ook waardevolle inligting verskaf oor die kind wat verlies ervaar.

'n Wye spektrum van gevoelens en emosies kan by so 'n kind ervaar word. Gevoelens van alleenheid, eensaamheid, verwerping, woede, angs, skuldgevoelens en vele meer word ervaar (Du Toit & Du Toit, 2002:141). Dit kan ook gebeur dat die kind die dood ontken en sodoende homself teen die pyn en gevoel van verlies probeer beskerm. Die kind wat nie sy emosies toon nie en sy pyn internaliseer, loop die grootste gevaar om later posttraumatische stres te ontwikkel (Van Niekerk, 2002: 55). Fisieke behoeftes ontstaan in die sin dat die kind vrese kan ontwikkel vir sy eie liggaamlike veiligheid of gesondheid, aangesien hy deur die dood met sy eie sterflikheid gekonfronteer word. Volgens Lawrentz en Green (2001:96) ervaar kinders met die afsterwe van 'n geliefde nie net vrese vir sy eie dood nie, maar ook vrees dat ander geliefdes kan sterf. Die kind wat verlies ervaar, het 'n groot behoefte aan veiligheid en sekuriteit en mag regresseer na 'n vorige ontwikkelingsfase se oorlewingstrategieë soos duimsuig of om 'n komborsie rond te dra.

Die model deur Kübler-Ross (Du Toit & Du Toit, 2002:143-147) wat aangepas is om die rouproses te beskryf waardeur persone gaan wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het, asook ander modelle soos die Shneider-model (Du Toit & Du Toit, 2002:143-147), verwys dikwels na die persoon wat rou se respons teenoor God. Voorbeelde hiervan is die woede wat persone teenoor God kan ervaar, asook die behoefte om met God te onderhandel oor die dood van die geliefde. Lawrentz en Green (2001:95) wys daarop dat 'n kind wat verlies as gevolg van die dood van 'n geliefde ervaar, deur dieselfde pyn moet werk as 'n volwassene wat verlies ervaar. Die kind moet egter deur hierdie rouproses werk binne die parameters en beperkinge van sy ontwikkelingsvlak. Die navorser maak die gevolgtrekking dat 'n kind volgens die verskillende roumodelle ook soos volwasenes 'n geestelike respons met die dood van 'n geliefde sal openbaar.

Van Niekerk (2002:57) wys daarop dat die geestelike behoefte verantwoord moet word sodat die kind nie later geloofskrisisse ervaar nie. Dit is daarom vir die navorser van belang dat daar binne Gestaltspelterapie op 'n holistiese wyse na die begeleiding van die kind wat verlies ervaar gekyk sal word. Die navorser is van mening dat die geestelike aspekte egter nooit ten koste van die emosionele, kognitiewe, fisieke en sosiale aspekte uitgelig behoort te word nie, maar ook die omgekeerde kan nie toegelaat word nie.

Voorbeelde van aspekte wat binne die raamwerk van Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief met 'n kind wat verlies ervaar aangespreek moet word, is vergifnis en woede. Die kind ervaar dikwels woede as 'n natuurlike deel van die rouproses. Woede teenoor die persoon wat doodgegaan het, woede teenoor homself en ander omdat hy volgens homself nie hard genoeg probeer het om die persoon se dood te verhoed nie of dat hy op 'n manier 'n bydraende rol tot die dood van die geliefde gespeel het. Die kind kan ook woede teenoor God ervaar; woede waarom God nie die dood van die geliefde gekeer het nie. Geloofsvrae oor God se almag en sy toelatende wil skep by die kind soveel ongelukkigheid en twyfel. Die kind wat hierdie vrae vra het nodig om vrede te vind met God; vrede wat hy nie buite die geestelike dimensie kan vind nie (Lawrentz & Green, 2001:96).

Deel van die proses om vrede te vind is vergifnis. Dikwels moet die kind homself vergewe vir dinge wat hy mag of nie mag gedoen het nie. Hy moet die persoon wat doodgegaan het vergewe omdat hy of sy doodgegaan en vir hom soveel pyn en verlies veroorsaak het (Du Toit & Du Toit, 2002:144). Lawrentz en Green (2001:97) wys ook daarop dat kinders mag dink dat die dood van 'n geliefde 'n "straf" is vir iets wat hulle gedoen het.

Dit is vir die navorser duidelik dat die kind wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde deur verskeie emosies moet werk. Baie van hierdie emosies kan direk gekoppel word aan die kind se geestelike respons teenoor die dood. Die navorser is van oortuiging dat die daarstel van riglyne met 'n pastorale perspektief terapeute sal bemagtig om die kind wat rou op 'n holistiese wyse in sy tyd van verlies te begelei.

1.2.4. Bestaande navorsing

Bestaande navorsing rakende die onderwerp van Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar, is nie gevind nie. Daar bestaan egter bronne wat pastorale berading volgens die Gestaltbenadering hanteer (vgl. Hamilton, 1997 & Knights, 2002). Die integrasie van pastorale sorg by die Gestaltbenadering is relatief onbekend in Suid-Afrika. Die toepassing van pastorale berading op kinders binne Gestaltspelterapie is volgens beskikbare inligting nog nie nagevors nie en dan veral nie op die kind wat verlies ervaar nie. Die navorser is daarom oortuig dat die navorsing nuut en relevant is. Die feit dat die integrasie van pastorale berading met Gestaltspelterapie met die kind wat verlies ervaar, nog nie nagevors is nie, dien vir die navorser as motivering, aangesien dit 'n belangrike bydrae tot Gestaltspelterapie kan maak.

1.2.5. Gestalt en die neem van verantwoordelikheid en beheer

Volgens Hamilton (1997:3) is die Gestaltbenadering 'n wyse van leef, 'n manier waarop die lewe en verhoudings in die teenswoordige tyd verstaan kan word en 'n wyse waarop die waarde van swaarkry in mense se lewens waardeer en oorkom kan word. Hy voer aan dat Gestalt versoenbaar is met die pastoraat aangesien dit ooreenstem met die pastorale model se strewe na heelheid. Hierdie strewe na heelheid wat by Gestalt en die pastoraat voorkom, beïnvloed die navorser se motivering om hierdie studie te onderneem.

Die Gestaltkonsepte, naamlik om in die teenswoordige tyd (die hier-en-nou) te werk, om die kind op sy vlak te ontmoet, asook die benutting van polariteite, is volgens die navorser veral van belang in hierdie studie. Die navorser is vervolgens van mening dat wanneer 'n kind geestelike vrae vra en vanuit sy geloofservaring 'n behoefte toon om oor sy pyn en verlies te praat, daaraan aandag gegee moet word. Dit bly die kind se verantwoordelikheid om deur die geestelike belewenis van sy pyn en verlies te werk. Die terapeut het egter ook 'n verantwoordelikheid om nie hierdie belangrike dimensie van die kind te ignoreer nie, maar wel gereed, gewillig en bekwaam te wees om saam met die kind deur sy geestelike belewenis van pyn en verlies te werk.

Volgens Van der Merwe (1996:35) is dit die wyse terapeut wat die kind vanuit sy self aanmoedig om verantwoordelikheid te neem. Die terapeut kan dit bewerkstelling

deur nie vir die kind 'n bron van antwoorde te wees nie, maar die kind te begelei om self die antwoorde te vind. Die terapeut laat groei toe deur die kind ook bewus te maak van wat hy sê. Wanneer 'n kind vir homself kan praat, is hy reeds op pad na die neem van verantwoordelikheid. Die navorser is van mening dat die neem van verantwoordelikheid deur die kind die uitdaging is wanneer terapeute die kind wat verlies ervaar op 'n geestelike vlak wil begelei in Gestaltspelterapie. Die kind moet self tot die ontdekking van antwoorde kom met behulp van die terapeutiese proses.

1.2.6. Belang van studie

Die studie sal waarde toevoeg vir terapeute wat 'n kind wat verlies ervaar op 'n holistiese wyse deur hulle pyn wil begelei. Baie terapeute in Suid-Afrika het 'n Christelike geloofsagtergrond en het wel 'n behoefte om die kind se diepste geestelike nood in die rouproses aan te spreek, maar hulle het nie altyd die nodige teologiese kennis om dit te doen nie. Die navorser is van mening dat hierdie studie 'n waardevolle inligtingstuk kan wees om die terapeut te help om die kind wat verlies ervaar, by sy geestelike behoefte te ontmoet. Deurdat meer terapeute toegerus is om die kind se geestelike nood aan te spreek, kan die kind verligting vind van angstige geestelike vrae.

1.2.7. Professionele en persoonlike motivering

Die navorser is sterk van oortuiging dat die geestelike aspekte te dikwels uit professionele terapie gedwing word uit vrees dat dit onvanpas sou wees om binne terapie oor God te praat. Die mens is egter 'n holistiese wese. Sy geloofslewe is net so 'n belangrike deel van sy funksionering as mens as wat sy emosies, denke of liggaamlikheid is. Die geestelike belewing van mense en veral kinders, kan nie geïgnoreer word omdat die persepsie bestaan dat dit nie in die professionele terapieopset hoort nie. Die navorser se professionele motivering met die studie is om Gestaltspelterapeutiese riglyne vir die hantering van die kind wat verlies ervaar met 'n pastorale perspektief daar te stel, sodat dit binne Gestaltspelterapie prakties bruikbaar sal wees om die kind wat verlies ervaar se geestelike nood aan te spreek.

Persoonlike motivering vir die studie is die behoefte om kinders wat pyn as gevolg van verlies van die dood ervaar, op 'n sinvolle wyse in terapie te ondersteun.

Volgens die navorser is die dood vir die meeste volwassenes een van die moeilikste vorme van verlies om te verwerk. Die finaliteit van die dood is 'n skok en veroorsaak 'n gevoel van onwerklikheid. Dikwels treur mense vir jare oor 'n geliefde na afsterwe, met 'n verswelgende hulpeloosheid (Van Niekerk, 2002:23). Indien die treurende persoon se geestelike vrae en kwellinge egter opgeklar word, kan daar berusting kom. 'n Kind het ook nodig om deur die rouproses te werk (Schoeman, 2001:125). Om 'n kind se geestelike vrae te beantwoord is egter nie vir almal ewe maklik nie, veral omdat die kind in sy laerskooljare nie altyd die abstraktheid van die dood kan verstaan nie. Abstrakte konsepte moet konkreet gemaak word.

Vanuit die navorser se agtergrond as gekwalifiseerde jeugwerker en bykomende opleiding as Christelike kinderberader, is dit vir die navorser belangrik dat geestelike konsepte op 'n verstaanbare wyse aan die kind oorgedra word. Die navorser huldig die mening dat spelterapeutiese tegnieke hulleself uitstekend leen vir hierdie doel en om die rede word pastorale berading met Gestaltspeltherapie geïntegreer. Die navorser het (deur middel van terapie vir haar internskap in speltherapie) kontak met kinders wat verlies van die dood ervaar. Die kinders is almal uit 'n Christelike geloofsagtergrond met 'n basiese kennis en begrip van die dood volgens hulle ontwikkelingsvlak en geloofskennis.

Kinders wat verlies van die dood ervaar, toon verskeie reaksies wat negatief inwerk op hulle daaglikse funksionering. Gedrag en emosies wat voorkom, is: aggressiewe gedrag, vrees vir die dood, skeidingsangs en slaapversteurings. Die navorser vind dat kinders dikwels die treurmodelle van hulle ouers navolg wat dikwels nie die beste voorbeeld is nie. Van Niekerk (2002:46) wys ook daarop dat kinders sekere hanteringsmeganismes by ouers in krisistye navolg. Dikwels is die hanteringsmeganismes onvoldoende en dit lei tot komplikasies in die treurproses. Die navorser sal deur die neerlegging van Gestaltspeltherapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief 'n funksionele bydrae wil lewer tot die ondersteuning van kinders wat verlies as gevolg van die dood moet verwerk.

1.3. PROBLEEMFORMULERING

Uit die motivering vir die noodigheid van Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar, kom daar 'n bepaalde probleem na vore.

In Gestaltspelterapie is daar 'n leemte aan riglyne vanuit 'n pastorale perspektief wat die kind wat verlies ervaar kan begelei. Na aanleiding van die probleemformulering kan daar 'n bepaalde doelstelling en doelwitte uitgelig word.

1.4. DOELSTELLING EN DOELWITTE

In Fouché (2002:107) word die definisies van doel en doelwitte duidelik uitgeklaar. Die doel is die "droom" wat graag bereik wil word. Die doelwitte is die stappe wat een vir een, binne 'n bepaalde tydspan, geneem moet word om die droom te bereik.

Die doel met hierdie studie is om riglyne binne Gestaltspelterapie vanuit 'n pastorale perspektief vir terapeute daar te stel, sodat die kind wat verlies ervaar op 'n geestelike vlak ondersteun kan word. Die geestelike dimensie van 'n kind se pyn sal aangespreek word deur speltherapeutiese tegnieke toe te pas wat insluitend van sy totale menswees is. Op hierdie wyse sal die kind holisties ondersteun word.

Hierdie doelstelling kan bereik word deur middel van bepaalde doelwitte wat vir elke hoofstuk gestel word.

Hoofstuk 1

Die doelwit wat hier gestel word is die insameling van genoegsame inligting deur die benutting van relevante bronne, sodat daar oortuigend aangedui kan word dat die navorsing oor Gestaltspelterapeutiese riglyne vanuit 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar wel relevant en nodig is. Dit is nodig om duidelik aan te dui dat daar goeie motivering en behoefte is vir die onderneem van die studie, sowel as dat die navorsing op 'n wetenskaplike wyse benader word.

Hoofstuk 2

Die doelwitte vir die tweede hoofstuk van die navorsing behels 'n omvattende literatuurstudie. Die literatuurstudie het ten doel om twee basiese doelwitte te bereik.

Die een doelwit is om Gestaltspelterapeutiese riglyne vir die hantering van die kind wat verlies ervaar vanuit die literatuurstudie te verkry. Om hierdie doelwit te bereik is Gestaltspelterapeutiese bronne bestudeer om die hantering van die kind wat verlies as gevolg van die dood van 'n geliefde ervaar het, te ondersoek. Daar is spesifiek ook na die kind se ervaring van verlies as gevolg van dood volgens sy ontwikkelingsvlak gekyk. Ondersoek is ingestel na die invloed wat ander aspekte soos wie die persoon is wat dood is, op die kind kan hê.

Die tweede basiese doelwit van die literatuurstudie behels dat daar vasgestel is of die kind wat verlies as gevolg van die dood van 'n geliefde ervaar, 'n geestelike behoefte toon in die verwerking van sy verlies. Daar is bepaal op watter wyse die kind se geestelike behoefte vanuit 'n pastorale perspektief deur Gestaltspelterapeutiese riglyne aangespreek kon word indien die kind wel 'n geestelike behoefte toon met die verwerking van sy verlies as gevolg van die dood van 'n geliefde. Literatuur vanuit die Gestaltpastorale sorg sowel as die teologie speel 'n deurslaggewende rol in die hantering van die kind wat verlies ervaar se geestelike behoefte.

Hierdie twee doelwitte ten opsigte van die literatuurstudie lewer 'n belangrike bydrae om die doel van hierdie studie te bereik, naamlik om Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief daar te stel vir die hantering van die kind wat verlies as gevolg van die dood van 'n geliefde ervaar.

Hoofstuk 3

Die doelwit vir hierdie hoofstuk behels drie gevallestudies wat onderneem is as 'n metode van data-insameling. Inligting wat uit die gevallestudies verkry word, bepaal die effektiwiteit al dan nie van die Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief. 'n Belangrike doelwit hier was om die terapeutiese proses deeglik te beskryf in die vorm van speltherapeutiese intervensie om die toepassing van Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief vir die kind wat verlies ervaar te illustreer. Daar is ook 'n tabel saamgestel wat 'n oorsig gee van ongestruktureerde onderhoude wat gevoer is met kinders en ouers van kinders wat verlies as gevolg van die dood ervaar het. Inligting wat van kundiges verkry is ten opsigte van die kind wat verlies ervaar, is ook by die tabel ingesluit.

Hoofstuk 4

Hierdie hoofstuk dien as 'n literatuurkontrole waar die teoretiese inligting wat in die literatuur verkry is, met die praktiese ervaring van die empiriese navorsing vergelyk word. Die doelwit is die kontrolering van die teorie met die praktyk.

Hoofstuk 5

Die belangrike doelwit in hierdie finale hoofstuk van die studie is om alle inligting wat deur die literatuurstudie en metode van data-insameling verkry is, te verwerk tot aanbevelings en gevolgtrekkings ten opsigte van die veld van ondersoek. 'n Samevatting van die navorsing is gegee as die finale doelwit van die studie wat die omvang van die studie opsom en kondenseer tot die mees relevante gevolgtrekkings en aanbevelings.

1.5. DIE NAVORSINGSVRAAG

Die navorsingvraag ter sprake by hierdie voorgenome studie kan soos volg geformuleer word: Hoe kan Gestaltspelterapeutiese riglyne vanuit 'n pastorale perspektief benut word vir die hantering van die kind wat verlies ervaar?

1.6. NAVORSINGSBENADERING

Die kwalitatiewe benadering is holisties van aard in die sin dat dit hoofsaaklik poog om die sosiale lewe te verstaan en betekenis te gee aan alledaagse lewe. Kwalitatiewe navorsing fokus daarop om verslag te doen oor die betekenis, ervaring of persepsies van deelnemers. Die identifisering van deelnemers se waardes en geloofsopvattinge is van belang. Die navorser is daarom meer ingestel om deelnemers te verstaan as om 'n verduideliking te vind vir hulle opvattinge. Kwalitatiewe benadering is dus niestatisties van aard (Fouché & Delpont, 2002:79).

Die navorsing van Gestaltspelterapeutiese riglyne vanuit 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar, is kwalitatief van aard. Die navorsing het 'n sterk holistiese inslag en verken die geestelike waardes en opvattinge van die kind wat verlies ervaar. Hierdie kennis word dan gebruik om die terapeutiese proses wat die kind ten tye van verlies emosioneel ondersteun te beskryf. Geen statistiese navorsing is gedoen nie, aangesien die navorsing daarop fokus om verslag te doen

rakende die betekenis, ervarings en persepsies van kinders wat verlies ervaar deur aanbevelings in die vorm van riglyne daar te stel.

1.7. TIPE NAVORSING

Toegepaste navorsing poog om aanbevelings of oplossings te bied vir 'n probleem wat deur 'n spesifieke groep mense in 'n situasie ervaar word. Die doel is om teoretiese insigte te neem en toe te pas in werklike situasies (Hart, 1998:46). In hierdie navorsing word die pastorale perspektief benut binne spelterapeutiese riglyne. Dié riglyne dien as aanbevelings en oplossings vir die probleem dat kinders se geestelike behoeftes nie in terapie aangespreek word wanneer hulle verlies weens die dood van 'n geliefde ervaar nie. In Fouché (2002:109) word spesifieke navorsingsdoelwitte geïdentifiseer. Vir die doel van hierdie studie is 'n kombinasie van beskrywende en verkennende navorsing toegepas.

1.7.1. Verkennende navorsing

Verkennende navorsing is onderneem om insig te verkry in 'n situasie, gemeenskap of individu. Die nodigheid van verkennende navorsing ontstaan vanuit die tekort aan basiese kennis oor 'n nuwe area of belangstelling, of om vertrouwd te raak met 'n situasie om 'n probleem te formuleer. Die “wat”-vrae word gevra en die navorsing het gewoonlik 'n basiese navorsingsdoel. In die geval van hierdie navorsing is die pastoraat, dit wil sê, die geestelike versorging van die kind wat verlies ervaar, binne Gestaltspelterapie ondersoek. “Wat”-vrae was daarop gemik om te verstaan wat die kind op geestelike gebied ervaar in die geval van verlies deur die dood (Fouché, 2002:109).

1.7.2. Beskrywende navorsing

Beskrywende navorsing bied 'n prentjie van die spesifieke detail van 'n situasie, sosiale opset of verhouding. Dit fokus op die “hoe”- en “waarom”-vrae. Die navorser beskryf 'n goed-gedefinieerde onderwerp. Vir die doel van hierdie navorsing is die ervaring van die kind wat verlies ervaar, beskryf deur middel van waarneming tydens spelterapeutiese intervensie (Fouché, 2002:109).

1.8. NAVORSINGSTRATEGIE BINNE DIE KWALITATIEWE BENADERING

Daar word in Fouché (2002:272) na vyf verskillende navorsingstrategieë verwys wat binne die kwalitatiewe benadering gevind word. Vir die doel van hierdie studie is gevallestudies gebruik. Volgens Fouché (2002:275) is 'n gevallestudie 'n grondige ondersoek van 'n spesifieke geval. Inligting word op verskillende wyses bekom. Die navorser betree die veld van navorsing eers nadat 'n deeglike kennis van relevante literatuur verkry is. In die navorsing ter sprake het die navorser ook eers deeglik kennis geneem van relevante literatuur voordat 'n gevallestudie begin is. Die instrumentele gevallestudie is benut waar daar uitgebrei is op die teorie of 'n beter begrip van die sosiale verskynsel verkry is. Die gevallestudie dien die doel om die insameling van kennis oor die sosiale verskynsels te fasiliteer (Fouché, 2002:276). Gevallestudies met drie kinders is onderneem.

1.9. NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

Wanneer die werkwyse vir 'n kwalitatiewe studie uiteengesit word, is dit volgens Rubin en Babbie (in Fouché, 2002:122) nodig om te beklemtoon dat die plan tentatief is en aan verandering onderwerp kan word weens die uitsonderlike aard van kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe studies poog om menslike handeling vanuit die perspektief van die menslike akteur te bestudeer. Uit die literatuur is inligting versamel as 'n teoretiese data-insamelingsmetode. Die gevallestudies is benut as 'n praktykgerigte metode van data-insameling. Die teorie en praktyk is in verhouding tot mekaar benut om inligting te ontleed en te verifieer.

Navorsingsbeplanning is volgens Babbie en Mouton (2001:97-102) van belang en word in die volgende stappe uiteengesit::

- Begin

Die navorsing begin met die insamel van inligting oor die onderwerp en verkryging van 'n helder beeld van wat deur die navorsing tot stand moet kom. 'n Literatuurstudie oor die kind wat verlies ervaar vanuit Gestalt- en pastorale bronne word ondersoek. 'n Studie oor die laerskoolkind, wat geestelike ontwikkeling insluit, word gedoen. Helderheid moet bestaan oor die produk wat die navorsing moet

oplewer. In hierdie geval, Gestaltspelterapeutiese riglyne met 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar.

- Konseptualisering

Duidelikheid moet verkry word oor die betekenis van die konsepte wat in die navorsing aangewend gaan word. Hierdie konsepte moet binne die konteks van die studie geplaas word. Begrippe ter sprake is Gestaltspelterapeutiese riglyne, pastorale perspektief, die laerskoolkind en verlies.

- Keuse van navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp wat gekies word, behels 'n navorsingsplan wat verseker dat toepaslike inligting vir die studie bekom word. Die kwalitatiewe navorsingsontwerp is vir die doel in hierdie studie gekies.

- Operasionalisering

Toepaslike meetinstrumente in die vorm van gevallestudies is gekies om variasie in die konsepte te meet. Gevallestudies is in hierdie studie van belang om sodoende vanuit die praktyk waarneming te doen van die variasie in konsepte en om teorieë vanuit die literatuur te ondersteun of te weerlê. Gevallestudies is benut om vas te stel of die inligting wat vanuit die literatuur verkry is, in die praktyk werklik so ervaar word. Die gevallestudies het die literatuur ondersteun of weerlê.

- Universum, populasie en steekproefneming

Die universum vir hierdie studie sluit in alle kinders in Suid-Afrika wat verlies ervaar. Die populasie waaroor die afleidings gemaak is, is die wit Afrikaanssprekende Christenkind by skole in Centurion, Suid-Afrika. Die wyse van steekproefneming het volgens doelbewuste seleksie geskied. Beide geslagte is by die steekproef ingesluit.

- Waarnemings

Inligting word by die gekose eenhede van ontleding verkry, wat in hierdie geval die kind is wat verlies ervaar. Die wyse waarop inligting versamel is, is deur waarneming tydens speltherapeutiese intervensie en video-opnames. Waarnemings is gemaak ten opsigte van die geestelike ervaring al dan nie van die kind wat verlies ervaar.

Inligting is verder ingesamel deur middel van ongestruktureerde onderhoude met kinders wat verlies ervaar, asook met ouers van sulke kinders en met kundiges in die veld.

- Inligtingverwerking

Die inligting wat vanuit die literatuur en die gevallestudies verkry is, is verwerk deur dit te klassifiseer en voor te berei vir ontleding. Vrae en kwellinge ten opsigte van die geestelike ervaring met die verlies van die dood is waargeneem, geklassifiseer en ontled. Sodoende is metodes ondersoek waarop hierdie geestelike behoefte die beste binne die terapeutiese proses aangespreek kan word.

- Ontleding

Gevolgtrekkings is gemaak oor die oorspronklike belangstellings, idees en teorieë wat die navorsing geïnspireer het. In die navorsing ter sprake is gevolgtrekkings oor die geestelike behoeftes van kinders wat verlies ervaar het, binne die terapeutiese proses gemaak in die vorm van riglyne. Gevolgtrekkings is soos volg toegepas:

Deur speltherapeutiese tegnieke is emosies en belewing van die kind rondom sy ervaring van verlies van die dood ontgin. Verskillende projeksies kon aangewend word om die kind toe te laat om van sy emosies bewus te word, dit te erken en te besit. Vanuit hierdie proses kon die kind saam met die bewuswording van sy emosies, geestelike vrae vra of stellings maak. Byvoorbeeld, "Ek is kwaad" en dan die bewustheid wat dikwels daarmee saam kom, "Ek is kwaad vir God! Hoekom moes my pa doodgaan?" Vanuit die literatuur en terapeutiese intervensie is geestelike vrae of stellings wat algemeen gevra word, geïdentifiseer.

Gestaltspeltherapeutiese riglyne binne die Christelike geloofskonteks is neergelê wat terapeute kan benut in die hantering van moeilike geestelike vrae wat kinders vra. Hierdie riglyne kan binne die terapeutiese proses benut word wanneer die vrae of stellings spontaan na vore kom. Die riglyne word egter binne speltherapeutiese tegnieke verskans sodat kinders deur selfontdekking antwoorde vir hulleself kan formuleer. Dikwels is dit so dat daar nie 'n baie duidelike of konkrete antwoord op 'n geestelike vraag is nie. Die kind moet egter deur speltherapie begelei word tot die

punt waar hy in sy gemoed vrede kan ervaar. Een manier is die benutting van storievertelling.

Dit mag selfs ook nodig wees dat die terapeut saam met die kind bid en sy gevoelens en vrese met God kommunikeer. Binne die Christelike geloof is God immers 'n lewende werklikheid wat persoonlik by die kind se pyn en lyding betrokke is. Indien die kind God volgens sy geloofsvlak as so 'n reële werklikheid in sy lewe ervaar, sou dit nodig wees om God as 'n derde persoon in die terapeutiese proses te erken. Wanneer die kind binne die terapeutiese proses openbaar dat hy vrede oor 'n vroeëre geestelike kwelling het of die dood van 'n geliefde aanvaar en al die pynlike emosies deurgewerk het, kan daar voltooiing in sy onvoltooidheid kom. Die terapeut het ook 'n verantwoordelikheid om aan die kind in die terapeutiese proses vaardighede te leer wat hy later, wanneer moontlike nuwe vrae of kwellinge ontstaan, kan benut om homself te help.

- Toepassing

Die gevolgtrekkings van die navorsing is gekommunikeer. In hierdie geval is Gestaltspelterapeutiese riglyne vasgestel vanuit 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar.

1.10. UITVOERBAARHEID VAN DIE ONDERSOEK

Die ondersoek was uitvoerbaar weens die hoë relevansie van kinders wat verlies ervaar. Die navorser is as berader by die Gemeenskapsentrum van die NG Gemeente Doornkloof in kontak met kinders wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde en is van mening dat daar 'n besliste behoefte bestaan wat aangespreek moet word.

1.10.1. Literatuurstudie

Daar bestaan genoegsame relevante bronne wat die onderwerp behandel. Aangesien Gestaltpastorale sorg 'n relatiewe nuwe veld van studie is, is bestaande bronne reservert. In ouer bronne wat wel benut is, is die werk van Violet Oaklander, "Windows to our Children" (1988), wat onontbeerlike inligting bevat wat vandag nog baie relevant is en waardevolle inligting vir die navorsing bied.

1.10.2. Konsultasie met kundiges

Kundiges is geraadpleeg om inligting vanuit die praktyk in te win met betrekking tot die navorsing. Kundiges sluit in:

Ds. Gerhard Oberholzer (NGK Doornkloof, Leoniestraat 143, Doringkloof, 0157) wat as jeugpredikant baie ondervinding het in die pastorale begeleiding van die kind wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde. Hy het sy eie program ontwikkel waar hy oor 'n periode van twee tot drie maande kinders saam met gesinne begelei in die verwerking van hulle verlies. Sy klem val uit die aard van sy rol as predikant hoofsaaklik op die geestelike dimensie van die verwerking van die dood van 'n geliefde.

Suster Annemarie Oberholzer (Unitas Hospitaal, Cliftonweg, Centurion, 0157; nie aan bogenoemde predikant verwant nie) wat die Kindersorg program by Unitas hospitaal in Centurion geïmplementeer het en tans bestuur. Suster Oberholzer het 'n Meestergraad in verpleegkunde waarin sy spesifiek navorsing gedoen het oor die ervaring van trauma by die kind in die hospitaal. Sy is tans besig met 'n Doktorsgraad by RAU waar sy verdere programme vir hospitale ontwikkel rondom die emosionele versorging van die kind in die hospitaal. Vanuit haar navorsing en as gevolg van haar werk by die Pediatriese Onkologie Afdeling het sy dikwels met die afsterwe van kinders te doen. Meestal is daar sibbe wat agterbly wat die verlies van die dood van 'n broer of suster moet verwerk of ander kinders in die saal wat die dood van 'n medepasiënt moet verwerk. Suster Oberholzer het 'n passie vir die emosionele versorging van die kind en het haar eie persoonlike navorsing gedoen oor die ervaring van die kind met die dood van 'n geliefde.

1.10.3. Voorondersoek

In voorondersoeke het die navorser terapeuties gewerk met kinders wat verlies deur die dood ervaar het. Die navorser het bevind dat kinders 'n natuurlike neiging het om geestelike vrae te vra met die verwerking van verlies as gevolg van die afsterwe van 'n geliefde. Speltherapeutiese tegnieke om die hantering van intense emosies te verwerk is goed nagevors en in literatuur beskikbaar. Schoeman (1996:171-182) lewer 'n waardevolle bydrae ten opsigte van die hantering van aggressie wat dikwels by kinders wat verlies ervaar, voorkom.

Die navorser is van mening dat daar egter groot onsekerheid bestaan oor hoe die geestelike ervaring van die kind ten opsigte van sy verlies binne die terapeutiese proses hanteer behoort te word. Die navorser het bevind dat laerskoolkinders baie konkrete inligting verlang rondom aspekte rakende die dood. Daar word selfs ook meer abstrakte vrae gevra oor die almag en wil van God. Met hierdie vrae kan daar nie 'n ondeurdagte antwoord aan die kind gegee word nie. Die terapeut het die verantwoordelikheid om die kind te help om duidelikheid oor al sy kwelvrae te verkry (Van Niekerk, 2002:12).

Die navorser is van mening dat abstrakte geestelike konsepte op 'n meer konkrete wyse binne speltherapie omskryf moet word sodat die kind vir homself antwoorde kan formuleer. Dikwels is die antwoorde binne die pastoraat beskikbaar. Die formaat of metodes waarmee dit binne Gestaltspeltherapie effektief aan die kind oorgedra kan word, is nie duidelik geformuleer nie. Die navorser het deur middel van tegnieke soos storievertelling begin om abstrakte konsepte van die dood op konkrete maniere aan kinders oor te dra (Schoeman, 2002:32). Daarom is die navorser van mening dat hierdie studie wel uitvoerbaar was. Die navorser kon vanuit haar teologiese agtergrond en ervaring om met kinders binne die geestelike konteks te werk, met hierdie navorsing 'n waardevolle bydrae lewer vir gebruik deur ander Christen terapeute en -beraders.

1.10.4. Omskrywing van universum, afbakening en wyse van steekproefneming

'n Omskrywing van die universum is nodig voordat daar gekyk kan word na die afbakening en die wyse van 'n steekproefneming. Uiteraard is dit ook nodig om te weet waarna die term *steekproefneming* verwys.

1.10.5. Omskrywing van universum

Hierdie definisie van universum dui op die gelyktydige bestaan van 'n populasie of universum waarvan die steekproef 'n kleiner gedeelte uitmaak. Arkava en Lane (in De Vos, 2002:198) tref 'n onderskeid tussen universum en populasie. *Universum* dui op alle potensiële eenhede wat die eienskappe besit waarin die navorser belangstel. *Populasie*, aan die ander kant, is die term wat grense stel op studie-eenhede.

Babbie en Mouton (2001: 173-175) verklaar dat die populasie die elemente van die universum is wat vir steekproefneming oorweeg word. Geen duidelike onderskeid word dus tussen populasie en universum gemaak nie. Daar word egter uitgelig dat die element die lid van die universum is wat gekies is vir die verkryging van inligting. Die navorser stem saam met Arkava en Lane, aangesien hulle 'n duidelike onderskeid tref tussen universum en populasie. Met dié onderskeid kan die universum en populasie vir hierdie navorsing duidelik onderskei word. Die universum vir hierdie studie is die laerskoolkind wat in Suid-Afrika woon en verlies ervaar. Die populasie is die wit Afrikaanssprekende, Christen-laerskoolkind by skole in Centurion.

1.10.6. Omskrywing van steekproefneming

Volgens Mouton (1996:132) is steekproefneming 'n bekende verskynsel in ons alledaagse lewe. Dit dui op die kies van sekere objekte wanneer dit onmoontlik is om kennis van 'n groter versameling van objekte te hê. Die doel van steekproefneming in sosiale navorsing is om 'n verteenwoordigende keuse van bevolkingselemente te maak. Strydom en Venter (2002:198) stem saam met Mouton en wys daarop dat steekproefneming volgens Kerlinger die neem van enige gedeelte van die universum of populasie is as verteenwoordiging van daardie universum of populasie.

1.10.7. Nie-waarskynlikheidseleksie

Nie-waarskynlikheidseleksie dui op die tipe steekproefneming waarin die waarskynlikheid dat 'n lid van die bevolking in die steekproef ingesluit sal word, nie statisties bereken kan word nie (Babbie & Mouton 2001: 166). Strydom en Venter (2002:203) wys ook daarop dat nie-waarskynlikheidseleksie gedoen word sonder sistematiese seleksie wat daarop dui dat elemente uit die populasie nie 'n gelyke kans het om vir die steekproef gekies te word nie.

In hierdie studie sal die navorsing bestaan uit doelbewuste seleksie wat behels het dat drie laerskooldogters wat geliefdes aan die dood moes afstaan, wat Afrikaanssprekend is en vanuit 'n Christelike agtergrond kom, geneem is om die steekproef te vorm. Die navorser het kinders wat aan hierdie vereistes voldoen en

aan haar bekend is, genader vir die navorsingsdoeleindes. Strydom en Venter (2002:207) wys daarop dat hierdie tipe seleksie eensydig kan wees omdat dit gebaseer word op die oordeel van die navorser deurdat die navorser besluit watter elemente van die universum verteenwoordigend is. Die navorser stem met Strydom en Venter saam, maar wys daarop dat die uitkomst tog betroubaar sal wees vir die doel van hierdie studie solank die kriteria vir die afbakening van die steekproef gevolg word.

1.10.8. Afbakening van steekproef

Vir die doel van hierdie studie het die navorser die volgende afbakening van die steekproef gemaak:

- Belangrike kriteria vir die afbakening van die steekproef is kinders wat verlies ervaar as gevolg van die dood van 'n geliefde.
- Die elemente van die universum wat vir die steekproef oorweeg is, is laerskooldogters tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar oud. 'n Verdere belangrike kriteria vir die afbakening van die steekproef is dat die kinders vanuit 'n Christelike agtergrond afkomstig moes wees.
- Daar is drie laerskoolkinders vanuit 'n Christelike agtergrond wat verlies van die dood ervaar het, vir die gevallestudies gebruik. Kinders wat na die navorser verwys is, is vir die gevallestudies gebruik.

1.11. ETIESE ASPEKTE

Etiese aspekte kan gedefinieer word as 'n stel algemeen aanvaarde morele beginsels wat riglyne neerlê en gedragverwagtinge stel. Dit is nodig sodat navorsers die korrekte wyse van handeling in navorsing teenoor elemente, respondente, borge, ander navorsers, assistente en studente kan toon (Strydom, 2002:75). Belangrike etiese sake wat aandag moet kry ten opsigte van sosiale navorsing is die volgende:

1.11.1. Vrywillige, ingeligte deelname

Persone moet vrywillig aan navorsing deelneem en in staat wees om toestemming tot deelname te gee. Die persoon moet ook ten volle ingelig wees oor wat van hom

verwag word en hoe inligting wat verkry word, in die navorsing benut gaan word (Strydom, 2002:65). In hierdie navorsing het die navorser met ouers 'n ooreenkoms van deelname vir die kind aangegaan, aangesien die kind nie in staat was om sonder die toestemming van die ouer of voog tot deelname in te stem nie. Die navorser het aan die ouers en die kind die doel van die kind se deelname verduidelik en ook aangebied om die verwerkte inligting skriftelik aan hulle beskikbaar te stel. Deelnemers is ook duidelik ingelig dat deelname geen vergoeding insluit nie. Die navorser het 'n toestemmingsbrief beskikbaar gestel wat deur die ouers onderteken moes word.

1.11.2. Geen nadeel vir deelnemers nie

Deelnemers mag op geen wyse benadeel of in verleentheid gestel word nie (Strydom, 2002:64). Met die navorsing wat onderneem is, het die navorser groot sensitiwiteit aan die dag gelê om die kind se gevoelens ten opsigte van sy verlies in ag te neem en die kind op sy vlak te ontmoet. Die navorser het die terapeutiese proses noukeurig gemonitor om by die kind te bly en nie tegnieke vanuit die navorsing op die kind "uit te oefen" waarvoor die kind nog nie gereed is nie. Die navorser onderneem ook om gratis terapie aan die kind te verskaf na afloop van die navorsing indien dit nodig sou wees.

1.11.3. Misleiding van proefpersone

Navorsers se oordeel dat dit soms nodig is om proefpersone te mislei om betroubare inligting te verkry, kan die proefpersone benadeel (De Vos, 2002:66). Die navorser is van mening dat die misleiding van proefpersone in hierdie navorsing nie nodig was nie. Die moontlikheid dat 'n kind rondom hierdie onderwerp binne die speltherapeutiese opset onbetroubare inligting sou gee, was onwaarskynlik.

1.11.4. Privaatheid, anonimiteit en vertroulikheid

Proefpersone se privaatheid mag nie op enige wyse geskend word nie en waar inligting van vertroulike aard gegee word, moet die proefpersoon die versekering gegee word dat vertroulikheid gehandhaaf sal word (Strydom, 2002:67). Die navorser het in die navorsing ter sprake vertroulikheid gewaarborg. Skuilname is gebruik om die proefpersone se identiteit te beskerm. Inligting is by die navorser se

kantoor in 'n toesluitbare liasseerkabinet gehou waarvan die toegang deur die navorser alleen beheer is. Alle video-opnames wat vir die doel van hierdie navorsing gemaak is, is met groot vertroulikheid hanteer en is slegs vir navorsing benut nadat die nodige toestemming verkry is.

Vertroulikheid behels hier ook 'n waarborg van vertroulikheid teenoor die kind en nie net teenoor die ouers of voogde nie. Die navorser het geen inligting wat die kind met haar gedeel het, aan die ouers of ander partye meegedeel sonder die kind se toestemming nie.

1.11.5. Aksies en bevoegdheid van die navorser

Navorsers is eties gebind om te verseker dat hulle bevoeg en toepaslik gekwalifiseer is om die navorsing te onderneem, veral wanneer dit 'n sensitiewe navorsingsonderwerp behels (Strydom, 2002:69). Taal en materiaal wat veroordelend, onderdrukkend of diskriminerend is ten opsigte van enige groep mense moet volgens Ruben en Babbie (1997:77) vermy word. In hierdie navorsing het die navorser ook 'n redelike kontroversiële terrein betree ten opsigte van die rol wat die geestelike dimensie speel in terapie met die kind wat verlies ervaar. Die navorser was gemaklik met die navorsing en het haarself as gekwalifiseerd beskou om navorsing oor die onderwerp te doen, aangesien sy vanuit 'n Afrikaanse Christelike agtergrond kom met kwalifikasies as Kerklike Jeugwerker en Christelike Berader, en tans besig is met haar internskap in Speltherapie. Die navorser het die navorsing in samewerking met haar studieleier onderneem.

1.11.6. Ontleding en verslagdoening

Daar word aanbeveel dat alle navorsing skriftelik aan ander belanghebbende partye beskikbaar gestel word. Verslaggewing moet eerlik en realisties wees en die beperkinge van die studie moet altyd in die gevolgtrekking aangedui word. Die navorser moet 'n objektiewe verslag kan gee van haar navorsingsresultate. Aan alle deelnemers aan die navorsingsproses en bronne wat geraadpleeg is om 'n bydrae tot die studie te maak, moet erkenning gegee word in die navorsingspublikasie (Strydom, 2002:72). Vanweë die vereistes waaraan die navorser moet voldoen om hierdie studie te voltooi, is dit uiteraard nodig om die navorsing op skrif te stel met al

die nodige ontledings, gevolgtrekkings en verwysings in die vorm van 'n verhandeling met beperkte omvang.

1.12. DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

Enkele hoofkonsepte wat gedefinieer moet word is die volgende:

1.12.1. Gestaltspelterapie

Daar word deur Hamilton (1997:3) gewys op die onderskeiding van Gestaltterapie as 'n teorie wat op die hier-en-nou betrekking het. Die skep van bewustheid op die huidige oomblik is vir hom van groot belang in Gestaltterapie. Knights (2002:3) wys ook daarop dat daar toenemend na Perls se Gestaltterapie as die Gestaltbenadering verwys word, omdat die klem in Gestalt op persoonlike groei en totaliteit van die mens geplaas word eerder as op 'n benadering om siek mense te hanteer. Knights (2002:4) wys verder op die klem wat daar op die mens se ervaring en bewustheid in Gestaltterapie gelê word.

Die navorser vind die beskrywings van Gestaltterapie sinvol en is van mening dat speltherapie met kinders binne die Gestaltbenadering optimaal benut kan word. Die besondere kwaliteite van spontaneïteit, lewenslustigheid en kreatiwiteit wat in Gestaltspelterapie gevind word, is vir die navorser van groot waarde binne die terapeutiese proses met kinders.

1.12.2. Pastorale perspektief

Die term pastorale perspektief verwys na die perspektief wat vanuit pastorale sorg verkry word. Hamilton (1997:9) gee die volgende definisie van pastorale sorg: *"The distinction of pastoral care and counselling is the affirmation and inclusion of faith into the care of lives. It is within the bounds of the pastoral relationship that change is supported and takes place."*

Pastorale sorg speel volgens Knights (2002:10) 'n belangrike rol in die neem van verantwoordelikheid. Hy voer aan dat die kern van pastorale sorg die tref van onderskeid is en om in die gemoed 'n besef van en reaksie op die lewe te ontwikkel. Om mense te help om geestelike diepte te ontwikkel is die basiese taak van pastorale sorg.

Die navorser vind waarde in bogenoemde definisies en wil beklemtoon dat pastorale sorg of berading vanuit die Woord van God aan die mens bemoediging, vertroosting, inspirasie en wysheid bied. Dit stel die mens dan in staat om sy pyn, verlies en lyding op 'n geestelike vlak te begryp en genesing te ervaar.

1.12.3. Verlies

Twee soorte verlies word algemeen gedefinieer. Die eerste is tasbare verlies, soos die verlies van 'n lewensmaat, die verlies van 'n ledemaat of diefstal van 'n motor. Verliese kan egter ook simbolies van aard wees; dit is dan abstrak en die gevolg van menslike interaksie. Onder sodanige simboliese verliese sal byvoorbeeld egskeiding of die verlies van vriendskap wees (Van Niekerk, 2002:18).

Daar word deur Du Toit en Du Toit (2002:133) ook verwys na die verskillende tipes verlies wat deur mense ervaar word. Hulle wys daarop dat die ervaring van verlies 'n menslike ervaring is waardeur alle mense een of ander tyd gaan.

Vir die doel van hierdie studie, het die navorser uitsluitlik gekonsentreer op verlies wat ervaar word met die dood van 'n geliefde. Die navorser beskou verlies as die leemte en pyn wat 'n kind ervaar met die afsterwe van 'n geliefde. Verlies veroorsaak 'n leemte in die kind se lewe wat moontlik nie weer gevul kan word deur 'n ander persoon nie. Die kind moet egter binne die terapeutiese proses begelei word om ten spyte van hierdie verlies aanpassings te maak om weer in balans te kom.

1.13. INDELING VAN NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag word as volg ingedeel:

- Hoofstuk 1

Dit behels die inleiding tot die studie. Die inleiding bring die motivering en doel van die studie duidelik na vore. Dit stel die studie oorsigtelik aan die leser bekend en prikkel belangstelling in die noodnag van Gestaltspelterapeutiese riglyne vanuit 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar.

- Hoofstuk 2

Gestaltspelterapie met die laerskoolkind wat verlies ervaar, is vanuit die literatuur beskryf. Die laerskoolkind se ervaring van verlies is spesifiek binne konteks van sy ontwikkelingsvlak bespreek. Die pastorale versorging van die kind wat verlies ervaar, is ook in die literatuur ondersoek. Spesifieke aandag is gegee aan die impak van die dood van 'n geliefde op die laerskoolkind se geestelike beleving. Die literatuurstudie het ook verwys na die laerskoolkind se geestelike ontwikkelingsvlak en hoe dit sy geestelike beleving van verlies beïnvloed.

- Hoofstuk 3

In hierdie hoofstuk is die drie gevallestudies in detail beskryf. Die terapeutiese proses is deeglik beskryf om die toepassing van Gestaltspelterapeutiese riglyne vanuit 'n pastorale perspektief vir die hantering van die kind wat verlies ervaar, te illustreer.

- Hoofstuk 4

'n Literatuurkontrole is gedoen om ooreenkomste en verskille tussen die literatuur en die praktyk uit te wys.

- Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings is aangedui en aanbevelings is gemaak in die vorm van Gestaltspelterapeutiese riglyne vanuit 'n pastorale perspektief vir die hantering van kinders wat verlies ervaar.